transmed
MEDICAL FUND

Fokus op **COVID-19-inentings**

Ons verstaan dat dit 'n ongekende tyd is wat u met baie onbeantwoorde vrae kan laat oor die koronavirus en of u mediese skema die koste van die inenting sal dek. Ten einde die stres rondom hierdie pandemie gedeeltelik te verlig het ons 'n lys van vrae opgestel wat die algemeenste gevra word en hulle hieronder beantwoord.

Wie sal vir my inenting betaal en benodig ek mediese skema-magtiging?

U hoef nie vir u inenting te betaal nie en u benodig nie magtiging voor u die inenting kry nie. Die inentingsentrum sal die koste van die inenting en die administrasiefooi direk van Transmed eis.

Sal die COVID-19-inenting op al die planne gedek word?

Ja, die Raad van Mediese Skemas het die COVID-19-inenting as 'n Voorgeskrewe Minimum Voordeel verklaar en dit sal dus deur u mediese skema betaal word, ongeag u plankeuse, in lyn met Suid-Afrika se riglyne vir die prioritisering van inentings.

Wanneer sal die inenting beskikbaar wees?

Die inenting van gesondheidswerkers op die frontlinie het in Februarie 2021 begin. Individue oor 60 is nou gevra om vir die inenting te registreer. Individue oor die ouderdom van 18 sal na afloop van hierdie tweede fase vir hul inenting kan registreer.

U sal verdere kommunikasie ontvang wanneer daar aansienlike nuwe ontwikkelings ingevolge die ontplooiing van die inenting is.

As u 'n gesondheidswerker of oor die ouderdom van 60 is kan u vir die inenting registreer op die EVDS-webtuiste by: https://vaccine.enroll.health.gov.za/.

Wat is die ontplooiingsplan vir die inenting?

Die prioriteitsgroepe is in drie fases vir toegang tot die entstof opgedeel. Hierdie gefaseerde benadering sal verseker dat gesondheidswerkers op die frontlinie en hoë-risiko individue eerste toegang tot die inenting verkry.

Fase 1: Gesondheidswerkers op die frontlinie het vanaf Februarie 2021 in aanmerking vir die inenting gekom.
Fase 2: Oorblywende gesondheidswerkers en dié wie oor die ouderdom van 60 is word nou ingeënt.
Fase 3: Diegene wie oor die ouderdom van 18 is sal die kans kry om vir hul inenting te gaan.

Kan my mediese skema bekostig om die COVID-19-inentings te dek?

Transmed het baie vroeg op die behoefte gereageer om vir die befondsing van COVID-19-entstowwe voorsiening te maak en dit tydens hul jaarlikse bydraeverhogings in ag geneem.

Hoekom die inenting kry?

As genoeg Suid-Afrikaners die COVID-19-inenting kry kan die land bevolkingsimmuniteit bereik. Dit is indirekte beskerming teen aansteeklike siektes wanneer 'n voldoende persentasie van 'n bevolking immuun is teen 'n infeksie as gevolg van inenting of vorige infeksies en sodoende die waarskynlikheid van infeksie verminder vir individue wie nie immuun daarteen is nie.



Hoe vinniger ons bevolkingsimmuniteit bereik, hoe minder lewens kan as gevolg van die pandemie verloor word.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie sal ook in staat wees om vinniger van die uitwerking van hierdie wêreldwye bedreiging te herstel en sodoende verdere werksverlies verhoed.

Ek het tans COVID-19. Moet ek ingeënt word?

Die inenting neem etlike dae om volkome in werking te tree na u dit ontvang het.
Die algemene konsensus is dat u moet wag tot u herstel het, of tot u afsonderingstydperk verby is, en dan ingeënt word.

Is die inenting veilig om aan babas en kinders wat nog hul kinderinentings ontvang toegedien te word?

Volgens data wat openbaar beskikbaar was (ten tyde van publikasie), is geen inenting veilig bewys om tesame met kinderinentings aan kinders onder die ouderdom van 12 toe te dien nie. Toetse word steeds gedoen om toepaslike COVID-19-inentings vir kinders te vind.

Wat is die moontlike newe-effekte van 'n COVID-19-inenting?

COVID-19-inentings kan matige newe-effekte veroorsaak, soos pyn, rooiheid of swelsel waar die inenting toegedien is, koors, moegheid, kopseer, kouekoors en spier- of gewrigspyn. Hierdie newe-effekte is normale tekens dat u immuunstelsel beskerming teen die virus bou. Newe-effekte kom meestal binne drie dae na die inenting voor en duur gewoonlik vir slegs 'n dag of twee.

Hierdie newe-effekte is soortgelyk aan die simptome van COVID-19. Sonder uself af indien u die simptome vir langer as drie dae na die inenting ervaar en dit daarna vir langer as twee dae aanhou.

Hoekom voel sommige mense siek na 'n COVID-19-inenting?

Sommige mense wie die inenting ontvang het, het griepagtige simptome ervaar, insluitend liggaamspyn, kouekoors en koors. Dit is normaal om hierdie newe-effekte te ervaar en 'n teken dat u liggaam beskerming teen die virus bou. Tydens kliniese toetslopies het sommige deelnemers meer newe-effekte na die tweede dosis ervaar.

Kan die inenting my COVID-19 gee?

Die inenting kan u nie die virus gee nie. Dit is waar van tradisionele inentings wat van dooie virusse gemaak word en amper altyd van lewendige, verswakte inentings wat, in seldsame gevalle, matige siekte in sommige weerlose bevolkings veroorsaak. Boonop bevat die inentings wat tans op die mark is (Pfizer/BioNTech en Johnson & Johnson) nie die volledige virus nie en is dit onmoontlik vir hierdie inentings om u COVID-19 te gee.

Hoe lank neem dit om immuniteit te ontwikkel na u 'n COVID-19-inenting ontvang het?

Die nuwe COVID-19-enstowwe leer u immuunstelsel om die virus te herken en te beveg. Dit keer dat u siek word van COVID-19. Maar 'n inenting benodig tyd om beskerming te bied na dit ontvang word. COVID-19-entstowwe wat twee inspuitings benodig, soos die Pfizer/BioNtech-entstof, kan u moontlik nie beskerm vir tot 'n week of twee na u tweede inspuiting nie.

Onthou dat u net voor of na die inenting met die SARS-CoV-2-virus besmet kan word en siek kan word. Dit is dus baie belangrik om met die gewone risiko-werende aktiwiteite voort te gaan, soos om 'n masker te dra, 'n fisiese afstand te behou, handhigiëne toe te pas, ens.

Kan ek steeds COVID-19 versprei na ek ingeënt is?

Wetenskaplikes is nie seker nie. Daar is nie genoeg bewyse van kliniese toetse van die inentings om te bevestig of die inentings ook asimptomatiese besmetting en oordrag verhoed nie.

Sal 'n COVID-19-inenting my DNS verander?

Nee. COVID-19 bRNA-inentings verander geensins u DNS nie. Die term bRNA staan vir boodskapper-RNA-inentings. Hierdie inentings leer u selle hoe om 'n spesifieke proteïen te maak wat u immuunstelsel aanwakker om terug te veg teen die COVID-19-virus en beskerming teen toekomstige COVID-19-infeksies te bied. Die bRNA dring nooit deur tot die kern van u selle waar u DNS voorkom nie.

Word inentings aanbeveel vir mense wie reeds die virus gehad het of positief getoets is vir teenliggaampies?

Die kort aantwoord: **ja**. Navorsers sê dit is steeds onbekend hoe lank immuniteit as gevolg van natuurlike infeksie duur. Alhoewel die vlak van immuniteit as gevolg van COVID-19-inentings nog vasgestel moet word, toon navorsing dat immuniteit as gevolg van die inenting geneig is om sterker as natuurlike immuniteit te wees. Gesondheidskenners beveel aan dat diegene wie onlangs gediagnoseer of aan die virus blootgestel is die inenting moet uitstel of tot ongeveer 90 dae na die tyd waarop hulle gediagnoseer is moet wag voor hulle ingeënt word.

Kan ek 'n normale lewe hervat na die inenting?

Hoewel daar verslag gelewer is oor die sterk doeltreffendheid van goedgekeurde entstowwe in die voorkoming van siekte, beteken om dit te kry nie dat u onmiddellik kan ophou om 'n masker te dra en nie meer 'n sosiale afstand te handhaaf nie. Dit is omdat studies van hierdie inentings slegs gemeet het of mense simptome ontwikkel en nie of hulle steeds die virus kan versprei nie. Daar is steeds 'n

moontlikheid dat die virus in u asemhalingskanaal kan leef, selfs as u genoeg teenliggaampies elders in die liggaam produseer om te verhoed dat u siek word. Met ander woorde, selfs as u ingeënt word en teen die ergste gevolge van die virus beskerm word, kan u 'n asimptomatiese draer van die virus wees en steeds die virus aan ander oordra sonder om dit te weet.

Selfs as u ingeënt word, is daar 'n risiko dat u kan siek word.

Maar daar is lig aan die einde van die tonnel. Hoewel kenners worstel met die presiese punt in tyd waar 'n 'normale lewe' hervat kan word, glo baie dat 'n inenting die einde van die pandemie kan bespoedig en dat 'n maskervrye bestaan vroeër eerder as later kan begin.

Hoe lank duur natuurlike immuniteit (die natuurlike ontwikkeling van teenliggaampies) na 'n COVID-19-inenting?
Natuurlike immuniteit verskil van persoon tot persoon. Aangesien die COVID-19-virus so nuut is, is kenners nie seker hoe lank dit duur nie. Maar huidige data dui daarop dat herinfeksie deur die virus binne die eerste 90 dae na die eerste infeksie ongewoon is. Mense met 'n onlangse infeksie kan wag tot na die 90-dae tydperk om die COVID-19-inenting te kry.

Waar kan ek die jongste inligting oor die verspreiding van die COVID-19-inenting kry?
U kan die jongste inligting vind oor verspreiding, prioriteitsgroepe en of u in aanmerking kom vir 'n inenting by www.nicd.ac.za, die amptelike webtuiste van die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes.

Ek het gehoor dat daar COVID-19-skelmstories is. Hoe weet ek of 'n epos, telefoonoproep of teksboodskap eg is?
Die enigste manier om 'n goedgekeurde COVID-19-inenting in Suid-Afrika te verkry is deur op die elektroniese datastelsel vir entstowwe (EVDS) te registreer wanneer dit u beurt is in die Regering se inenting-ontplooiingsplan. As u enige oproepe of boodskappe ontvang wat nie vra dat u op die EVDS registreer nie en u nie 'n inentingskode ontvang voor u vir u inenting gaan nie, is dit onwaarskynlik dat dit van 'n wettige bron afkomstig is.

Hoe kan ek tussen ongeregistreerde en geregistreerde inentingsentrums onderskei?
Moet nooit vir 'n COVID-19-inenting gaan sonder om op die EVDS te registreer en van 'n inentingsentrum op die geakkrediteerde lys gebruik te maak nie.

Waar en wanneer kan ek die inenting kry?
Fase 2 van die ontplooiing het op 17 Mei begin en fokus op mense oor die ouderdom van 60, sowel as dié gesondheidswerkers wie nog nie as deel van die Sisonke-program ingeënt is nie.

Daar is nou vyf maniere om op die Regering se EVDS te registreer:

- Aanlyn deur hier te kliek.
- WhatsApp deur 'Register' na **0600 123 456** te stuur.
- USSD deur ***134*832*ID-nommer#** te skakel of slegs ***134*832*#** indien u nie toegang tot 'n ID-nommer het nie.
- Deur die COVID-19-blitslyn by **0800 029 999** te skakel.
- Gebruik die nuwe **QR-kode** – skandeer eenvoudig en volg die aanwysings. Die QR-kode sal wyd gepubliseer word op die SA Koronavirus-webtuiste of die webtuiste van die Nasionale Departement van Gesondheid.

Die EVDS moet gebruik word om 'n afspraak te skeduleer in ooreenstemming met die voorkeur wat u aandui wanneer u registreer – dit kan of naby u huisadres of naby 'n ander adres wat u gee wees, soos u werk. Nader aan die datum van u inenting sal u 'n SMS ontvang wat die plek en tyd van die inenting aandui. Die Departement van Gesondheid, in vennootskap met verskeie aandeelhouers in die privaat mediese sektor, bring 'n netwerk van inentingspersele tot stand wat die hele Suid-Afrika op so 'n manier sal dek dat alle burgers redelike toegang tot 'n inentingsperseel sal hê. Momentum Health Solutions het ook bygedra om sommige van hierdie persele tot stand te bring.

Om te soek vir inentingspersele, besoek gerus: https://sacoronavirus.co.za/2021/05/12/active-vaccination-sites/.

Hoe help Transmed om my inenting toe te dien?
Buiten die bestaande openbare en privaatsektor-inentingspersele, bring Transmed, in vennootskap met Momentum Health Solutions, inentingspersele in ons hoofsentrums tot stand, naamlik in Sandton, Doringkloof, Kaapstad en Durban, sowel as bykomende uitreikingspersele in Pietermaritzburg, Polokwane, Bloemfontein en Gqeberha (Port Elizabeth).

Die fasiliteite in Sandton en Doringkloof het reeds met intentings begin en die sentrums in Kaapstad en Durban maak binnekort oop. Daar word verwag dat die bykomende uitreikingspersele later in Junie oopmaak. Wanneer die persele beskikbaar word sal hulle op die EVDS verskyn om van te kies as u inentingsentrum wanneer u registreer.

Waar kan ek vir my inenting gaan?
Wanneer u op die EVDS registreer sal 'n lys van die inentingsentrums naaste aan u huis of werk aan u getoon word om van te kies – dit sal nie noodwendig een van die Momentum-persele wees nie.

Wanneer dit u beurt is om ingeënt te word sal u 'n SMS van die EVDS ontvang wat u in kennis sal stel van die datum waarop u vir u inenting moet gaan, sowel as die besonderhede van die inentingsentrum waarheen u moet gaan.

Is COVID-19-inentings veilig?

Suid-Afrika se mediese reguleringsliggaam het elke COVID-19-entstof wat in die land toegedien word goedgekeur **na dit aan die wetenskaplike standaarde vir veiligheid en doeltreffendheid voldoen het**. Hierdie entstowwe is ontwikkel deur middel van 'n benadering wat boodskapper-RNA-tegnologie gebruik. Hierdie tegnologie word al vir meer as 'n dekade bestudeer en bevat nie 'n lewendige virus nie, het geen interaksie met menslike selle nie en verander nie u DNS op enige manier nie.

Diegene met 'n blootgestelde immuunstelsel, ouer mense wat ernstig verswak is, mense met 'n geskiedenis van ernstige allergiese reaksies aan entstowwe, mense wie met MIV lewe, en dié wie swanger is of borsvoed, moet 'n dokter raadpleeg voor hulle die inenting ontvang.

Hoekom moet ek vir die COVID-19-inenting gaan?

COVID-19-entstowwe stel u liggaam in staat om die virus beter te beveg en **verminder die risiko van ernstige siekte, hospitalisasie en selfs sterfte**. Die entstof doen dit deur die liggaam instruksies te gee om immuniteit te bou sodat u immuunstelsel die virus vinnig herken en die daaropvolgende infeksie beveg.

As ander die entstof ontvang het, hoekom benodig ek dit ook?

As ons na 'n veilige wêreld sonder maskers wil terugkeer, moet genoeg lede van die bevolking immuun teen COVID-19 wees deur ingeënt te word. Die siekte is so aansteeklik dat sommige lande meer as 300 000 nuwe infeksies per dag ervaar en baie mense sterf as gevolg van hierdie dodelike virus. Wanneer die meerderheid van die wêreldbevolking ingeënt is sal ons beheer oor die verspreiding van die virus kan neem en voorkom dat dit 'n negatiewe uitwerking op ons lewens het.

Sal ek die inenting net een keer in my lewe moet kry?

Aanvanklike inenting: Sommige COVID-19-entstowwe vereis een dosis; ander vereis twee dosisse wat twee tot drie weke uitmekaar is (dit neem twee tot drie weke vir u immuunstelsel om te reageer op 'n dosis).

Voortgesette inentings: Aangesien wetenskaplikes nog nie in staat was om vas te stel hoe lank immuniteit duur nie, is dit waarskynlik dat, soos met die seisoenale griepentstof, u gereelde COVID-19-entstowwe sal benodig in die jare wat voorlê, selfs as u aanvanklik die twee-dosis-entstof ontvang het.

Ek is tans siek. Wanneer behoort ek my COVID-19-inenting te kry?

Indien u tans COVID-19 of enige ander virale infeksie soos griep het, raadpleeg u dokter oor wanneer u gereed sal wees om vir u inenting te gaan. Oor die algemeen word inentings as veilig beskou na 14 dae na 'n infeksie.

Ek het sopas my griepinenting ontvang; wanneer behoort ek my COVID-19-inenting te kry?

U moet ten minste twee weke wag voor u vir u griepinenting (of enige entstof) gaan voor u u COVID-19-entstof ontvang.

Benodig ek die inenting as ek reeds COVID-19 gehad het?

Ja, selfs as u COVID-19 gehad het, word inenting aanbeveel, veral aangesien nuwe variante van die virus steeds opduik en mense meer as een keer deur COVID-19 besmet kan word.

Waarborg die entstof dat ek nie COVID-19 sal kry nie?

Nee. Dit is na u die entstof ontvang het steeds moontlik om die virus te kry en te versprei en dit is waarom u steeds alle COVID-19-beskermingsmaatreëls moet volg. Die inenting verbeter egter u kanse om ernstige siekte te vermy aansienlik.

Sal ek siek voel na ek die inenting gekry het?

Sommige mense ervaar newe-effekte na hulle dit gekry het – dit is normaal en wys dat u immuunstelsel daarop reageer. Moontlike newe-effekte is 'n seer arm, kopseer, koors en ligaamspyn wat geneig is om vir 'n paar dae aan te hou. Allergiese reaksies is seldsaam.

Wie behoort nie 'n COVID-19-entstof te kry nie?

Daar word aanbeveel dat mense wie in die volgende kategorieë val 'n dokter moet raadpleeg voor hulle ingeënt word:

- Mense wie allergies is vir enige gedeelte van die entstof.
- Mense met blootgestelde immuniteit of wie outo-immune toestande het.
- Verwagtende vroue of vroue wie borsvoed.
- Ouer mense wat ernstig verswak is.
- Kinders word nie tans ingeënt nie, aangesien meer studies gedoen moet word voor COVID-19-entstowwe vir onder 18's aanbeveel kan word.

Die ideaal is om alle volwassenes oor die ouderdom van 18 in te ent.

Daar is gesê Fase 2 sal dié met medemorbititeite insluit. Wanneer sal dit gebeur?
As gevolg van 'n verandering in die beskikbaarheid van die entstowwe, is die teikenbevolking per fase hersien en alle pasiënte bo die ouderdom van 40 sal by Fase 3, wat na verwagting laat in Junie afskop, ingesluit word.

Sal Transmed as 'n inentingspunt registreer en hul lede van entstowwe voorsien word soos Discovery tans doen?
Skemas kan nie entstowwe aan hul lede voorsien nie. Sommige administrateurs het egter as inentingspersele geregistreer en hierdie persele sal aan alle pasiënte beskikbaar wees – nie net aan lede van hul onderskeie skemas nie. Transmed se administrateur het ook inentingspersele opgestel; inligting hieroor is vroeër in hierdie dokument gekommunikeer.

Is hierdie 50 persele in gebruik?
Die meerderheid inentingspersele wat beplan is, is reeds in gebruik; 'n aansienlike aantal word egter nog voorberei en/of gekeur om akkreditasie te ontvang. Benewens die bestaande inentingspersele in die publieke en privaatsektors, vestig Transmed, in vennootskap met Momentum Health Solutions, inentingspersele in ons hoofsentrums, naamlik Sandton, Doringkloof, Kaapstad en Durban, en bykomende uitreikpersele in Pietermaritzburg, Polokwane, Bloemfontein en Gqeberha (Port Elizabeth).

Die fasiliteite in Sandton en Doringkloof het reeds met inentings begin en die sentrums in Kaapstad en Durban maak binnekort oop. Die bykomende uitreikingspersele word na verwagting later in Junie geopen. Sodra die persele beskikbaar word sal hulle op die EVDS verskyn vir u om te kies as u inentingsentrum wanneer u registreer. Die oogmerk met hierdie sentrums is om hierdie broodnodige diens aan alle Suid-Afrikaners te voorsien, ongeag of hulle lede van mediese skemas is of nie.

Hoe word veilige liggings bepaal?
Elke inentingsentrum moet deur die Regering geakkrediteer word om die entstof te voorsien en toe te dien. Hierdie proses is so deeglik soos die wetenskaplike toetse en soos dié wat uitgevoer word om die veiligheid en doeltreffendheid van elke entstof wat goedgekeur is vir gebruik in Suid-Afrika te verseker.

Hoe sal u in kennis gestel word van waar en wanneer om te gaan?
Wanneer u op die EVDS registreer kan u kies vanuit 'n lys geakkrediteerde sentrums naby u huis of werkplek. Nader aan die datum van u inenting sal die EVDS vir u 'n herinnering per SMS stuur met die datum, tyd en perseel wat u gekies het.

Sal die ontplooiing per ouderdom, datum van registrasie en/of ligging voortgaan?
Die ontplooiing gaan in lyn met die Regering se gefasseerde benadering voort. Ons is tans in Fase 2, wat beteken individue oor 60 kan op die EVDS registreer, en hulle sal saam met die ooblywende gesondheidswerkers van Fase 1 wat nog nie ingeënt is nie, ingeënt word.